

'N STUDIE OOR DIE TOEGEPASTE PSIGOLOGIE IN DIE ALGEMEEN.

1. Inleiding.

Die algemene psigologiese beginsels van Bavinck soos in die vorige hoofstuk omskryf, vind hulle beslag in heel belangrike probleme. Om dit duidelik te begryp, is dit nodig om eers 'n studie te maak van die algemene toegepaste psigologie en daarna te wys hoe Bavinck sy psigologie toepas.

In hierdie hoofstuk word dan 'n kort studie gemaak van die ontstaan, omskrywing en indeling van die toegepaste psigologie. Verder word bestudeer die psigognostiek, psigotegniek, beroepskeuse, die skool en die beroepskeuse, pedagogiese psigologie en eksperimentele pedagogiek.

Sonder hierdie skets is dit byna onmoontlik om Bavinck se toegepaste psigologie te begryp.

2. Ontstaan, Omskrywing en Indeling.

(a) Inleiding.

Die mens is 'n praktiese wese wat gedurig trag om die lewende sowel as die lewenlose uit sy omgewing aan hom diensbaar te maak en tot sy eie voordeel uit te buit. Hiervoor span hy die wetenskap in. In die beginstadium was alle elementêre wetenskappe prakties georiënteerd, omdat die mens meer uit selfbehoud, selfontwikkeling en uitbreiding van sy persoonlikheid, as uit nuuskierigheid of verbasing die eerste stoot tot nadere ondersoek van dinge gegee het.

Na hierdie periode wat prakties georiënteerd is, en kwalik wetenskaplik genoem kan word, kom die insig dat dit onmoontlik is om sonder doelbewuste, stelselmatige, teoretiese studie die opdringende komplekse vraagstukke te begryp

of te beheers. In die binnekamer en die laboratorium het die knapste geeste, na onttrekking aan die praktiese, hulle aan die teoretiese wetenskap gewy, terwille van die wetenskap.¹⁾ Die probleme word hier ondersoek en ontleed om sodoende dieper tot die waarhede deur te dring. Galilei bestudeer die val van voorwerpe in lugleegtes, nie omdat dit in die praktyk voorkom nie, maar om die verskynsel onder die aller eenvoudigste omstandighede na te gaan en die werking van die onderskeie faktore met des te meer sekerheid vas te stel. So probeer die wetenskap om geleidelik die hele terrein te ontgin.

Het die wetenskaplike sukses in die laboratorium, dan gaan hy weer daar uit om sy bevindinge aan die mens in die praktyk diensbaar te maak. Die teoretiese wetenskap het nou toegepaste wetenskap geword. Hierdie weg is deur die natuurkunde gevolg en ook deur die psigologie. Met die begin van die toepassing onder die nuwe rigting is die teoretiese stadium van die oue nie afgesluit nie. Die teorie bestaan naas die praktyk, elk gewoonlik met sy eie beoefenaars; en die praktiese word bevrug deur nuwe fondse van die teoretiese ondersoekinge. Die vraag of ons by die psigologie ook van toepassing kan spreek, word bevestigend beantwoord, selfs in 'n groter mate as by die natuurkunde.²⁾

Daarom word daar 'n studie gemaak van die wetenskap van die mens, van die kultuurpsigologie en die kriterium daarvoor word vasgestel.

Die psigologie word deur alle beroepe ingespan; daarom vind ons psigoloë in fabrieke, in spoorweë, in advertensie-afdelings van die handel, in beroepsvoorligting, in bouers

1. Waterink: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, I, 258.

2. Rombouts: Nieuwe Banen, 146.

van hospitale, ensovoorts.

Dit is nodig om die mens se sielelewe te verstaan voordat daarop invloed uitgeoefen kan word, al is hy ook met welke beroep besig.

(b) Psigotegniek.

As sosiale wese kom die mens gedurig in aanraking met sy medemens en het dus gedurig kontak met die psigiese lewe. Die mens is dus gedwonge om die sielelewe te verstaan en om dit blywend of ten minste tydelik in 'n bepaalde rigting te stuur. Die onderwyser en opvoeder trag om invloed op die gees van sy leerling uit te oefen om sodoende 'n vooropgesette doel te bereik.¹⁾ Die predikant werk in op die bewussyn van die mens om hom op die regte weg te bring of te hou.²⁾ Die politikus bespeel die psige van die massa om dit tot sy insigte te bring. Die sakeman gebruik advertensies en ander middele om aandag te trek.³⁾ Die medikus gebruik psigiese middels om aan die senuweelyer die nodige gesondheid te verskaf.⁴⁾ Die advokaat span sy argumente op die beste wyse in om sy kliënt vry te kry.⁵⁾ Die redenaar trag om die gevoelens van sy toehoorders te lei sodat bepaalde gevoelens, soos hy dit verlang, opgewek word. Die afrigter van atlete werk in op die gees van sy leerlinge sodat hy die allerbeste uit hulle kry.⁶⁾ Die sosiale werker gaan in op die probleme van gedrag, leierskap, rasseverskille, seksverskille, ensovoorts om die maatskappy die beste te dien.⁷⁾ Die kunstenaar

-
1. Rombouts: Nieuwe Banen, 148.
 2. Griffith: An Introduction to Applied Psychology, 655 - 661.
 3. Ibid., hoofstuk 31.
 4. a. Muller - Freienfels: De Voornaamste Richtingen in de Hedendaagsche Psychologie, 160;
b. Griffith: op. cit., 271 - 354.
 5. Ibid., 217-268.
 6. Ibid., hoofstuk II.
 7. Ibid., 111 - 214.

gebruik die pen, die woord, die penseel om by sy medemens die estetiese wakker te roep. Die psigologie word deur almal vir die praktyk gebruik.

Hierdie soort toegepaste psigologie word psigotegniek of ook selfs beroepspsigologie genoem, waaronder verstaan moet word die psigologiese kennis¹⁾ wat deur verteenwoordigers van verskillende beroepe toegepas word vir vrugbaarder uitoefening van die beroepe. Hieronder val mediese psigologie, ekonomiese psigologie, pedagogiese psigologie, kriminele psigologie, ensomeer.

By hierdie soort toegepaste psigologie kan daar ook 'n dubbele standpunt ingeneem word, naamlik: 'n subjektiewe en 'n objektiewe. By die subjektiewe kan die vraag gestel word hoe die individu prakties psigologies by 'n bepaalde stand van sake aangepas kan word, byvoorbeeld hoe hy daarvoor sal sorg dat elke persoon die werk bekom waarvoor hy die geskikste is. By die objektiewe standpunt vra ons hoe sulke dinge by die mens aanpas. Hier kyk die bedryfsleier hoe hy die fabriek, die gereedskap, die werksomstandighede so kan inrig dat die werker die beste daaruit kan haal.²⁾

(c) Kultuurpsigologie.

'n Tweede vorm van die toegepaste psigologie is kultuurpsigologie. Waar die psigotegniek die beïnvloeding ten doel het, daar het die kultuurpsigologie meer te doen met die verklaring. Aangesien alles wat op die gebied van kultuur tot stand kom of bestaan, sy oorsprong in die psigê van die mens het, is dit voor die hand liggend dat die bedoelde verklaring psigologies beproef word. Dit is dus duidelik dat 'n mens van godsdienspsigologie kan praat, dit is die

1. V.d. Horst: Inleiding in de Hedendaagse Zielkunde, 129.

2. Sien Rombouts: Nieuwe Banen, 148.

kennis van die psige ter verklaring van die religieuse verskynsels. Psigologie op die taal toegepas, word dan taalpsigologie genoem. So verleen die psigologie hulp by die verklaring van velerlei toestande en probleme, en dit werp lig op die geskiedenis, die sedelikheid, die kuns, ensovoorts.

(d) Kriterium.

As die psigologie enkel om die psigiese verskynsels beoefen word, is dit teoreties. Word die voorligting verlang oor hoe die uiting van die menslike lewe of -prestasie verklaar word, dan is dit toegepas en word kultuurpsigologie genoem. Van psigotegniek of praktiese psigologie word gepraat wanneer die vraag gestel word op welke wyse die bepaalde doel die beste bereik kan word.

Vir ons is hier van belang veral die psigotegniek, maar aangesien dit op psigognostiek steun, word laasgenoemde eers behandel.

3. Psigognostiek: Wetenskaplike Mensekennis.

Mensehandeling gaan mensekennis vooraf. Psigognostiek het meer betrekking op die sielelewe van individue en groepe as op die sielelewe in die algemeen.¹⁾ Die vraag is nie hier hoe mense met deursnee eienskappe behandel moet word nie, maar wel hoe met 'n sekere individu of groep gehandel moet word.

Reeds in die middeleeue is getrag om betrekkinge na te spoor tussen die uiterlik waarneembare tekens en die innerlike karaktertrekke en eienaardighede van die mens. 'n Soort van sisteem het in drie rigtings ontstaan: die fisionomiek of gelaatkunde, die frenologie of hersenkunde en die grafologie of skrifkunde.

(a) Fisionomiek word in die middeleeue as okkulte wetenskap

1. Morgan & Gilliland: An Introduction to Psychology, 293.

beoefen. Nieteenstaande die powere resultate het selfs die veelsydige Goethe hierin belang gestel.

(b) Frenologie het veral onder Gall (1810) meer sukses gehad. Hy het voortgebou op die hipotese, wat slegs gedeeltelik houdbaar is, dat verskillende psigiese vermoëns in bepaalde hersensdele gelokaliseer is. So is daar bepaal dat mense met sterk aanleg in sekere rigting op bepaalde plekke aan die skedel knoppe het. Daar is selfs vandag nog aanhangers van die frenologie.

(c) Grafologie. Die Fransman Abbé Michon (1875) is eintlik die skepper van die grafologie. Die grondslag hiervan is dat die menslike bewegings uitdrukkingsvorme van sy innerlike is. Daarom het sy handskrif psigognostiese waarde. Dit kan nie betwis word dat hierdie bewering gedeeltelik waar is nie, maar dit is ook waar dat menige grafoloog 'n kwaksalwer is wat dié rigting in diskrediet bring. Die boeke van dr. L. Klages oor die onderwerp word veel gelees.

Hierdie drie psigognostiese sisteme het ook verdere gebreke. Hulle is eensydig en beskik oor gebrekkige metodes. Verder trag hulle om die gekompliseerde psigiese konstitusie op grond van 'n paar simptome te bepaal. Na die opbloei van die differensiële psigologie het die psigognostiek middele van ¹⁾ ondersoek bekom.

4. Psigotegniek; Wetenskaplike Mensebehandeling.

By die beantwoording van vraagstukke oor beroeps-²⁾ keuse kom die psigotegniek van toepassing. Psigognostiek is die voorportaal, die voorwaarde en die grondslag vir die toegepaste psigologie. Die term „psigotegniek“ is deur W. Stern die eerste in 1903 gebruik. Münsterberg, 'n Duitser

1. Rombouts: Nieuwe Banen, 149 - 151.

2. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 3.

wat in 1892 as hoogleraar na Harvard Universiteit (Amerika)¹⁾
gaan, word die grondleerger van die psigotegniek genoem.
Hy stel die vraag hoe die sielkunde sy hulp die beste aan elke
bedryf of beroep kan verleen, deur die regte man op die regte
plek te plaas. Met bestuurders van elektriese trems, met
skeepskapteins en telefoonjuffrouens word die eerste proewe
gemaak. Dadelik word die behoefte aan psigotegniese voorlig-
ting gevoel en binne 'n paar jaar was Münsterberg met ongeveer
200 bedrywe in verbinding. As uiters belangrike tak van die
wetenskap is die tempo van ontwikkeling daarvan besonder vlug.
Aanvanklik word die psigologie op allerlei gebiede van die
sosiaal-ekonomiese lewe toegepas.²⁾ Münsterberg omskryf dit
as 'n wetenskap wat die verskynsels en faktore in die sosiaal-
ekonomiese lewe van psigologiese standpunt bestudeer, met die
doel om hulp te verleen by die oplossing van praktiese pro-
bleme.³⁾

Gou egter was nie alleen beroep, bedryf, handel en
verkeer by die psigotegniek betrokke nie, maar ook die onder-
wys, die rogspraak en die geneeskunde. Die belangstelling
was besonder groot. Volgelinge ondersoek die verskillende
terreine. In Duitsland verskyn tydskrifte wat hulle uitsluit-
lik aan die toegepaste sielkunde wy; internasionale kongresse
oor die onderwerp word gehou en dit het groot belangstelling
in die psigotegniek gaande maak. Daar was wel soms onenig-
heid wat betref die grondstellings en metodiek, maar tog is
daar reeds veel geprester.

Die buitengewone belangstelling is verklaarbaar omdat
die toegepaste psigologie belangriker is as die toegepaste

-
- 1.a. Münsterberg: Grundzüge der Psychotechnique;
b. Stern: General Psychology, 472.
 2. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 184.
 3. Rombouts: Nieuwe Banen, 152.

natuurkunde: dit was nodig vir die daaglikse behoeftes. Daaglik was opvoeding en onderwys, werk en koop, regspraak en straf van belang. Die psigotegniese ondersoek, met behulp van vernuftig uitgedinkte aparate en toetse, geskied in die laboratorium. In Nederlande vind ons gou in Amsterdam: „Het Paedagogisch Instituut van prof. Waterink" en die „Nutsseminarium van prof. Kohnstamm;" in Groningen en Tilburg onderskeidelik die institute van proff. Brugmans en Roels.¹⁾

Veral twee afdelings van die nuwe wetenskap is vir ons van belang, naamlik die beroepskeuse en die pedagogiese psigologie.

5. Beroepskeuse.

(a) Inleiding.

Wat moet ek as my lewenstaak kies? ²⁾ Wat kan die psigoloog my van my bevoegdihede vertel? Wat kan hy voorspel oor my toekomsmoontlikhede, as 'n produktiewe lid van die toegepaste psigologie my lei by die keuse van 'n beroep wat ek moet kies? Is dit waar dat sommige psigologiese talente nuttiger by een beroep is as by 'n ander? Hierdie vrae wat ons onmoontlik in die kort bestek kan antwoord, toon hoe belangrik beroepskeuse is en van welke waarde die toegepaste psigologie op hierdie gebied is.

Die belangrike feite word by die probleem van beroepskeuse veronderstel. ³⁾ In die eerste plek berei die laer- sowel as die hoërskool 'n leerling nie voor vir 'n bepaalde beroep nie. Tog is dit noodsaaklik dat die leerling toegerus word met die agtergrond wat genoemde onderwys hom bied. Tweedens het selfs die hoërskoolleerling gewoonlik

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 184.

2. Horst: „Beroepskeuze-voorligting en Psychotechniek", in Paedagogisch Tijdschrift, 1926, 41 - 46.

3. Waterink: Inleiding in de Theoretische Paedagogiek, I, 264.

nog geen keuse vir sy latere beroep gemaak nie, en die wat dit wel gedoen het, het nog nie 'n volle begrip van die aard van die beroep wat gekies is nie.¹⁾ Derdens kan die beroepskeuse by verskillende soorte werk, waarmee hoë mededinging gepaard gaan, nie deur enige persoon gedoen word nie. Dit is duidelik dat 'n persoon met 'n stadige reaksietyd en 'n swak koördinasievermoë nie 'n huurmotorbestuurder kan word nie. Dit is dus duidelik dat hier gegewens ingewin moet word oor wat vir die beroepe nodig is en tweedens moet bepaal word oor welke bevoegdhede kandidate vir verskillende beroepe moet beskik.

Daar word soms beweer dat die regte man op die regte plek deur deeglike opleiding kom. Hierdie bewering is gedeeltelik waar, veral in gevalle van mense wat vir verskillende beroepe geskik is. As dit egter waar is dat sommige mense gebore staatsmanne, leiers, verkoopsagente of predikante is en ander gebore is om houtkappers en waterputters te wees, is dit die taak van die psigoloog om vas te stel welke faktore hier nodig is voordat hy 'n aanbeveling kan maak. Dit is egter duidelik dat deeglike opleiding enige persoon beter vir 'n beroep in staat stel as wat hy sou wees sonder opleiding of selfs as wat 'n bevoegder persoon sonder opleiding sou wees. Dit is nodig dat leerlinge beroepsvoorligting sal ontvang, selfs op 'n taamlik jong leeftyd.²⁾

(b) Liggaamsbou en Karakter.

Vroër is daar vir sekere beroepe veel op die liggaamsbou gelet, tans is dit duidelik dat sulke waarnemings 'n skrale oes oplewer, hoewel daar 'n mate van getuienis is dat lang persone geskikter in leierskap is as kortes.³⁾

-
1. Cohen: Principles and Practices of Vocational Guidance, 471.
 2. Griffith: An Introduction to Applied Psychology, 75.
 3. Ibid.

1)
Hoewel Kretchmer se tipes sekere temperamente aan die lig gebring het, was dit tog nie afdoende om persone in sekere beroepe te plaas nie. Dit wil voorkom asof 'n studie van die liggaamsbou van persone ons nie veel baat nie.²⁾

(c) Die Nuwe Rigting.

Dit het duidelik geword dat geen psigoloog tot klare wete kan kom aan welke eise 'n minister, 'n predikant of 'n advokaat moet voldoen nie. Daar word dus 'n ander uitweg gevind: aan duisende persone in dieselfde beroep word 'n uitvoerige lys van konkrete, skerp geformuleerde en sistematies geordende vrae gestel oor alle vaardigheidseienskappe en kennis wat nodig is om die betrokke beroep uit te oefen. Later is vraelyste opgestel wat vir al die hoër beroepe geld.

Die psigologiese karakteristiek van 'n beroep kan maklik uit die antwoorde van sulke vraelyste bepaal word. Gestel 4000 advokate uit 5000 antwoord bevestigend op 'n vraag of duidelike uitspraak noodsaaklik is, dan is dit duidelik dat hierdie eienskap nodig is vir iemand wat advokaat wil word.

Dit is nodig dat van elke kind 'n psigogram gehou moet word waarop betroubare psigologiese statistieke oor sy lewe, of ten minste van sy skoolloopbaan moet voorkom.

In verskillende lande, ook in Suid-Afrika, is daar reeds veel bereik met die inligting wat aan jong manne en vroue verskaf is oor hulle toekomstige beroepe. Daar word oral in die wêreld veel gedoen om aan die eenkant beroepsanalise of karakteristiek van die vakke te bepaal; en aan die ander kant geskiktheidsdiagnose. Laasgenoemde is 'n psigologiese ondersoek van die beroepskandidate.

-
1. Dijkema: Encyclopedie voor Ziel- en Opvoedkunde, 256.
 2. Griffith: An Introduction to Applied Psychology, 79.

6. Die Skool en die Beroepskeuse.

(a) Persoonlyste.

As die leerling die laerskool verlaat of die verpligte ouderdomsgrens vir skoolbesoek bereik het, gaan hy na 'n hoër inrigting, maar die grootste persentasie gaan in beroepe.¹⁾ Dit is dus nodig dat daar aan die einde van die leerpligtige leeftyd van 'n leerling reeds bepaal is waartoe hy die beste in staat is.

Ongelukkig is die gewone onderwyser nie opgelei om te bepaal vir welke beroep sy leerling geskik is nie, daarom is dit nodig dat van elke laerskoolkind 'n noukeurige psigogram ('n persoonlike siele-silhoeët) bygehou word. Hierdie werk moet aan vakpsigoloë opgedra word, aangesien die skool nie toegerus is om beroepsanalise te lewer nie.

Tog is dit nodig dat 'n verslagkaart van elke leerling deur die skool aangelê word. Hierop kan al die eienaardighede van die kind aangeteken word wat van belang is. Op so 'n kaart kan aantekening gehou word van fisiese en psigiese eienskappe en vaardighede van die kind; verder kan van die skoolprestasie van die leerling verslag gehou word, byvoorbeeld van sy vlugheid en sekerheid in reken, vaardigheid met teken en handwerk, suiwerheid met skriftelike werk, ens. Dit is ook nodig dat karaktereienskappe aangedui word.

Die lysie het met die loop van jare ook verbeter en ons kan verwag dat nog veel verbetering aangebring sal word.

Die onderwyser, wat die aangewese waarnemer en invuller is, het gewoonlik 'n jaar tyd om aan die hand van aanwysings sy leerlinge individueel te betrag en te bestudeer voordat hy die vrae oor die leerling beantwoord.

1. Munn: Psychology, 454 - 456.

Baie van die eienskappe wat vir die hoër beroepe van belang is, soos die sintetiese en analitiese wyse van dink, sal eers later miskien in die hoërskool merkbaar word; daarom is dit wenslik dat daar vir die laerskool 'n ander lys as vir die hoërskool bestaan. Aangesien daar twyfel bestaan of die onderwysers almal geskik is om die genoemde gegewens te verskaf, is dit wenslik dat daar in elke skool ten minste een onderwyser is wat opgelei en goed toegerus is om die werk te doen of onder sy toesig te laat doen. Verder is dit nodig dat in elke omgewing 'n skoolpsigoloog werkzaam sal wees. Die psigoloog kan aan die onderwysers wat met die werk belas is en aan ander onderwysers hulp verleen, voorligting gee en aan die einde van die jaar die bevindings kontroleer. Dit is nodig dat daar oor 'n lang tydperk voortgesette waarneming onder allerlei omstandighede gedoen word, en dit kan alleen van die onderwyser verkry word.

Reeds van die beginjare op skool behoort aantekening oor die kind gemaak te word. Deur reeds vroeg in die kind se lewe sekere eienskappe skerper omlynd te vind, sal dit ook help om die regte onderwys- en opvoedingsmaatreëls toe te pas. As die kind na 'n hoër klas oorgeplaas word, gaan sy lys ook mee. Hier vul 'n nuwe onderwyser weer sy bevindings in, maar hy leer ook in 'n groot mate die leerling uit gegewens van vorige jare ken.¹⁾

By skole waar vakonderwys gegee word, kan daar periodieke samesprekings deur die leerkragte geskied.²⁾ Sulke samesprekings is besonder heilsaam omdat die bevindings van onderwysers oor sekere leerlinge nie altyd dieselfde is nie. Die onderwysers gaan dan op die verskille in. Hier kan maklik aan die lig kom waarom een onderwyser met 'n leerling sukses

1. Rombouts: Nieuwe Banen, 162 - 165.

2. Munn: Psychology, 455.

het terwyl 'n ander dit nie het nie.

Elke klasonderwyser sal dan van elke leerling in sy klas 'n lys invul sodat daar sewe psigogramme sal bestaan van elke leerling wat die laerskool deurloop het. Deur hierdie lyste met mekaar te vergelyk, kan 'n psigologies opgeleide onderwyser 'n goeie beeld vorm van die leerling se gegewens wat so versamel is. Hierby moet dan geneem word die toets in verband met intelligensie, opmerkzaamheid en geheue asook 'n mediese verslag. Dit is ook nodig dat inligting verkry word oor huislike milieu, kerkverband, ekonomiese posisie en gedrag tuis. Uit bogenoemde word die eindrapport saamgestel waarin 'n definitiewe oordeel neergelê word omtrent die eienskappe en vaardigheid van die kind. Nou word die bevindings met die katalogus van eienskappe vergelyk wat die verskeie beroepe vereis en word die bekwaamheid van die leerling bepaal.

Hierdie rapport moet slegs 'n hulpmiddel wees en geen amptelike diploma nie. Dit het maar een doel en dit is om die kind en andere in staat te stel om 'n regte keuse vir sy beroep te doen. Tog is hierdie verslag meer werd as ons skool-rapporte wat net prestasie in sekere vakke aandui; dit gee 'n verslag van die vermoëns, kapasiteite en aktiwiteite waarin 'n leerling sukses het al dan nie. Dit is duidelik dat die psigogram 'n veel beter voorspelling oor beroepskeuse sal maak as enige van die sogenaamde toelatingseksamens.¹⁾

(b) Voor en Nadele- Pedagogies.

Dit sou uiters gelukkig wees as sulke lyste by alle skole ingevoer word. Die skool en skoolopvoeding sou daarby nie baat nie maar dit sal 'n praktiese en interessante kinderstudie vir die onderwyser meebring, waaruit sowel die onder-²⁾wyser as die kind onberekenbare voordeel sal trek.

1. Rombouts: Nieuwe Banen, 166.

2. Griffith: An Introduction to Applied Psychology, 75 - 76.

Sonder individuele kennis van die kind is individuele behandeling nie moontlik nie. Ons weet uit ervaring hoedat 'n onderwyser soms aan die einde van die jaar individuele kennis van miskien een derde van sy klas besit. Hierdie gevaar sal uitgesluit word. Daar is in werklikheid geen interessanter studie as die studie van die kind nie en as hierdie geleentheid aan die onderwyser gebied word, sal dit hom deels verplig en later tot diepere kinderstudie lei.

Rombouts noem die volgende voor- en nadele.¹⁾

Voordele:

(i) 'n Mens leer die leerlinge veel beter ken, waardeur dit maklik word om elkeen na sy behoefte te behandel.

(ii) Kinderstudie is 'n natuurlike middel tot beroepsliedde, tot werkgenot en dit voorkom sleur en verveling.

(iii) Daar kom voeling omdat die onderwysers onderling, in belang van die leerlinge, samesprekings hou waardeur die moontlikheid op eendragtige, kollegiale samewerking aansienlik verhoog word.

(iv) 'n Goeie psigogram beteken vir die persoon 'n stuk selfkennis van onskatbare waarde; nie alleen vir die praktiese lewe nie, maar veral vir die hoëre selfkultuur.

(v) Daar sal wedersydse vertrouwe gewek word tussen onderwysers en ouers, en die moontlikheid word vergroot dat die huis en skool eendragtig die opvoeding van die kind ter hand neem en mekaar steun en aanvul.

(vi) Die buitewêreld sal die taak van die skool beter begryp en sodoende sal daar meer waardering vir die onderwysberoep in die algemeen kom.

1. Rombouts: Nieuwe Banen, 167 - 168.

As nadele noem Rombouts.

(i) 'n Onderwyser mag, tot nadeel van die leerling, sy foute en vergrype, gebreke en tekortkominge in latere jare hom ten laste lê.

(ii) Die oordele van verskillende onderwysers sal nie klop nie. Dus is 'n psigogram wat met die feite klop, nie te bereik nie.

(iii) Jonger onderwysers aan wie die laer klasse gewoonlik toevertrou word, het nog weinig ervaring om die regte karakteristieke te ontwerp.

(iv) Onderwysers in die middel en hoër klasse sal hulle te veel op oordele van hulle voorgangers verlaat.

(v) Die byhou van lyste bring te veel werk mee,

Hierdie besware is egter nie genoegsaam om die voordele van die psigogram te oorskadu nie. Ons wys op die volgende:

(i) Die psigogram is geen sondelys nie. Selfs sonder hierdie lys is groot vergrype van leerlinge in hulle vroeëre dae aan onderwysers bekend. Die onoordeelkundige onderwyser wat tot sulke misdrywe in staat is, sal dit dus ook sonder die verslag doen.

(ii) Dit is nie nodig dat die oordele van verskillende onderwysers eenders is nie. Uit die oordele van sewe onderwysers na sewe jare van toesig kan egter 'n beter konklusie getrek word as in die geval van 'n enkele toets wat in enkele minute afgeneem word.

(iii) In die laer klasse word nie noodwendig jong onderwysers geplaas nie: in die praktyk word liever 'n ervare onderwyseres as grondlegger aangewys. Aan die anderkant sal bevindings van die eerste jare minder betroubaar wees omdat

die kind nog besig is om te ontwikkel. Hierin lê 'n besondere groot voordeel, omdat swak plekkies vroeg ontdek en verbeter kan word.

(iv) Daar is gevaar dat die minder vlytige onderwyser eenvoudig kan oorneem wat die vorige gesê het, hoewel dit nie by baie onderwysers sal voorkom nie.

(v) Die addisionele tyd wat hiervoor bestee word, sal die moeite loon en indien die werk werklik te veel is -wat ten seerste betwyfel word- kan op 'n ander gebied 'n weinig verligting van werk gebring word.

Die besware geld dus nie die lysste nie maar wel die toestande.

Uit jare ervaring met rekords van leerlinge is die onderwyser oortuig dat sulke lysste van die allerbeste hulpmiddels is by die opvoeding van ons kinders.

7. Pedagogiese Psigologie.¹⁾

(a) Inleiding.

By die toegepaste psigologie word die resultate van psigologiese ondersoekinge in diens van 'n praktiese doel gestel. Pedagogiese psigologie is die psigologie wat op die pedagogiek toegepas word.²⁾ Die opvoeder trag om die opvoedingsmiddele, ter verwesenliking van die opvoedingsdoeleindes, by die besondere aard van die kinders aan te pas. Ons het die opvoedkundige sielkunde onder die afdeling praktiese sielkunde of psigotegniek gegroepeer. Die opvoeder het by die uitoefening van sy beroep opvoedkundige sielkunde nodig.

(b) Kindersielkunde.

Tot die pedagogiese psigologie hoort allereers die

-
1. Sien Bingle: Die Terrein van die Empiriese Opvoedkunde, Inougurele rede.
 2. Bigot, Kohnstamm en Polland: Leerboek der Psychologie, 12.

kinderpsigologie en vernaamlik die genetiese kinderspigologie, omdat die objek van die pedagogie die onvolgroeide mens is. Die opvoeder behandel kinders en sy taak is om hulle op te voer tot hul eindontwikkeling.¹⁾

By die opvoeding, dit is ontwikkelingshulpverlening, sal die opvoeding hom by die natuurlike ontwikkelingsgang van die kind moet aansluit.²⁾

Die opvoeder het te doen met hulpbehoewende, afhanklike wesens maar gelyktydig met konkrete kinders wat indiwidue is. Daarom het hy nodig: kennis van differensiële en indiwiduele kinderspigologie. Hy is op die tipeleer en psigografie aangewese om die indiwiduele tot hulle reg te laat kom.

As gelet word op gegewens wat die pedagogiek van die kinderspigologie verwag, merk ons eerstens op die waarneming. Die leerling se kennis van die buitewêreld berus grotendeels op sy waarnemingsfunksie.³⁾ Ook word gevra hoe die kind by verskillende leeftye waarneem, hoe die waarneming by die kind ontwikkel, hoe dit gesteld is met die voorstellinge, in verskillende milieu's en in verskillende jeugstadiums? Hoe is die opmerkzaamheid; hoe word dit gerig; wat is die omvang en kenmerke daarvan? Die kinderspigologie moet rekenskap gee van die fantasie,⁴⁾ van die geheue; dit moet die ontwikkeling van die denke naspoor,⁵⁾ die verstandsterkte en verstandelike aanleg bepaal. Hoe is dit met die gevoelslewe gesteld: Metodes en bestudering, die ontwikkeling, invloed en beheer, angsts en vreesgevoel, afguns, jaloesie, toorn, vreugde, plesier,

-
1. Whitell: The Psychology of Childhood, 22.
 2. a. Bigot, Kohnstamm en Polland: Leerboek der Psychologie, 236 - 248;
b. Mackenzie: The Human Mind, 137.
 3. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 149.
 4. Ten Seldam: Psychologiese Hoofstukke, 154.
 5. Kuyper: De Ziel van het Kind, 165 - 180.

opgewektheid, blydskap, liefde, seks¹⁾ en meegevoel? Die kinderpsigologie maak ook 'n studie van die strewenslewe²⁾ by die kind; dit moet die ontwikkeling en groei nagaan van die primêre strewinge, beheer, kinderbelangstelling, ontspanning; die belangstelling in wetenskap, kuns, lees, beroep, politiek, godsdiens.³⁾ Die groei en ontwikkeling van die persoonlikheid is 'n belangrike afdeling van die kinderpsigologie; verskillende temperamente in sy karakter moet nagegaan word.

Met hierdie kort oorsig kan ons nie volstaan as ons nie ook daarop wys nie dat die pedagogiese psigologie nie volledig sal wees nie tensy dit ook 'n sekere inslag van godsdiens-, moraal-, kuns- en wetenskapspsigologie besit.

(c) Psigologie van die Opvoeder.

Die psigologie van die opvoeder moet vasstel eerstens die opvoederstipe in die algemeen, met ander woorde die eienaardige wat die opvoeder kenmerk ten opsigte van sy beroepswerk.⁴⁾ Die invloed van verskillende faktore soos geslag, begaafdheid, temperament, leeftyd, geestesrigting op sy opvoedingswerk moet bepaal word. Dit is nodig om te weet watter eienskappe 'n goeie onderwyser besit. Nel het 'n besonder insiggewende studie oor die onderwerp gelewer.⁵⁾

Die verhouding van die onderwyser tot sy leerlinge is 'n belangrike faktor.⁶⁾ Dit is nodig om te weet welke faktore op die lewe van die onderwyser as opvoeder inwerk, en wat die wese van die opvoeder is.

-
1. Zachry: Emotion and Conduct in Adolescence, 78 - 81.
 2. Ten Seldam: Psychologische Hoofstukken, 681.
 3. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 149 - 224.
 4. Taute: Skoolhoof, Assistent en Professie, 114 - 116.
 5. Nel: Die Psigologie van die Onderwyser.
 6. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 14.

Die opvoeder as bron, as oorsprong van die opvoedende werksaamheid, moet die kind tot volwassenheid lei. Hy moet daarom self volwasse, onafhanklik, sedelik vry en ryp wees. Maar hy is 'n sondige mens; nogtans 'n beeldraer van God maar 'n verduisterde beeld, 'n gevalle skepsel.¹⁾ Omdat aan hom die moeilike taak opgedra is om die kind tot volwassenheid te lei, is dit vir die pedagogiese psigologie nodig om te bepaal welke eienskappe die ideale opvoeder moet hê.

(d) Die Psigologie van die Opvoedingsakt.

Omdat opvoeding die beïnvloeding van die opvoedeling deur die opvoeder is, moet ons ook, nadat die psigologie van die kind en die onderwyser behandel is,²⁾ wys op die psigologie van die opvoedingsakt, van die vormingsproses.

Tot die pedagogiese psigologie hoort ook die psigologie van die onderwys- en opvoedingsakt. Laasgenoemde is meer bepaal tot die godsdienstig-sedelike vorming,³⁾ terwyl eersgenoemde met die verstandelike te doen het. Reeds die ou didaktici Comenius, Pestalozzi en Herbart het dit begryp dat die pedagogiese psigologie die basis en verklaringsgrond van die opvoedings- en onderwysakt moet wees. Herbart se opvatting is dat die psigologie die weë van die pedagogiek moet bepaal. Meumann, Lay en Stern het die eksperimentele metode herhaaldelik op hierdie gebied gebruik en so het die eksperimentele didaktiek ook ontstaan.⁴⁾ By die Amerikaanse vind ons belangrike afdelings wat aan die leerproses gewy word.⁵⁾ Van groot belang en gewig is die psigologie van straf⁶⁾ en beloning.⁷⁾ Van belang is verder die psigologie wat die al-

-
1. Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 16-17.
 2. Pillsbury: Education as The Psychologist sees it, 312.
 3. Häberlin: Wegen en Dwaalwegen der Opvoeding, 303.
 4. Rombouts: Nieuwe Banen, 171
 5. Tiffen, Knight en Asher: The Psychology of Normal People, 313 - 347.
 6. Gutsche: Opvoedkundige Straf.
 7. Montessori : The Montessori Method, 21.

gemene metodiek ten grondslag lê; die psigologie van metodes van onderwys by lees, skryf, reken, taal;¹⁾ die psigologie van opmerkzaamheid, van die leerplan, skoolorganisasie, les-rooster;²⁾ die psigologie van leermiddels en skoolboeke.

(e) Psigologie van die Vormingsgoedere.

³⁾ Julius Wagner noem 'n vierde onderdeel van die opvoedkundige sielkunde: „Psychologie des Bildungsgutes." Kultuurgoedere soos wetenskap, kuns, godsdiens en sedelikheid word tewens ook vormingsgoedere. Opvoed is ook die oordraging van kultuurskatte deur die volwasse generasie aan die onvolwasse, onvolgroeide, wordende mens, die kind. Elk van hierdie kultuurgoedere het sy eie psigiese struktuur. Die pastorale psigologie word toegepas op die sielesorg;⁴⁾ die geestelike trag om die siele van die gelowige te beïnvloed op grond van sy psigologiese kyk op die individuele karakter. As sodanig het dit dan ook die reg van bestaan.⁵⁾ Op skool word die kultuurskatte as leervakke aangebied; ook hier vind die pedagoog die verskil in psigologiese aard soos by die kinderpsigologie. Die juiste begrip van die psigiese konstruksie van elke vak is vir die opvoeder van die allergrootste belang.

(f) Massapsigologie.

Veral die Franse denkers het ook die massapsigologie baie gedink en geskryf. Geen wonder ook dat die standaardwerk van Gustav Le Bon „Psychology des Foules," gou sy 38ste druk beleef het nie.⁶⁾

-
1. Norsworthy: The Psychology of Childhood, 46.
 2. Powers & Uhl: Psychological Principles of Education, 297.
 3. Rombouts: Nieuwe Banen, 172.
 4. Jordan: The Story of Psychology, 115 - 114.
 5. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 85.
 6. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 302.

Die massa is geen optelsom van individue nie. As h'n klomp mense bymekaar kom, is hulle aanvanklik individue. Sodra h'n spanning ontstaan en h'n ontroering deur die mense vaar, ontstaan h'n massa wat geheel anders handel as die individue afsonderlik.¹⁾ Kenmerkend van die massa is die na agtertrekking van die verstandelike faktor en die na voretrekking van die instinktiewe kragte. Die massa voel hom sterk, die instink word versterk en veel meer as andersins denkbaar is deur die individu word aangedurf. Op verskillende wyses kom die gevoel van krag tot uiting.

Eerstens is die massa baie toeganklik vir religieuse emosies. Sadistiese neiginge wat by elke mens in 'n mate aanwezig is, word maklik opgewek; daarom dat die massa so aangrypend wreed kan wees. Ook kan die massa skielik omslaan en diepste medelye betoon en juis omdat die massa so swenkend is, het hy behoefte aan 'n sterk leier wat hom kan dwing en kan suggereer. Talle volksleiers is eers aanbid en daarna vermoor.

Om h'n massa te kweek, is dit nodig om nie by h'n verstandelike betoog te bly nie. Die massa wil aktief wees, wil sing, skreeu en werk; hulle wil suggestiewe en nie abstrakte leuses hê nie. Woorde waarby min gedink maar baie gevoel word, is nodig. Woorde soos vryheid, gelykheid, geloof van die vadere, vaderland is die beste. Die volksman wat forse leuse kan skeep, het h'n onmiddellike houvas op die massa. Positiewe leuse is swakker en minder bindend as negatiewe.

Dit is nie nodig dat almal in een vergadering bymekaar moet wees om h'n massa te wek nie. In oorlogstyd byvoorbeeld kan groot vergaderings op verskillende plekke gehou word. h'n Leë saal of leë sitplekke is besonder skadelik vir die opsweping van h'n massagevoel.

1. Jacks: Total Education, 16.

Die massa is tot ongelooflike heldedade in staat; dit kweek martelaars en iets bomensliks word by die individu gewek. Daar is egter volke en individue by wie massavorming selde voorkom. Studie, beskawing en ontwikkeling is vir die massabesef baie skadelik.

Opvallend is dat die mens wat in 'n massa opgeneem word daarin groot vreugde gevoel. Die klem van die ego-instink word by die massa onderwerp en selfs tydelik uitgeskakel. Die lewe word tydelik vry gemaak van die verstand se tirannie en terug gebring na die diep sfeer van die instink.

Die Hitlerbeweging het baie bygedra tot ongekende belangstelling in die psigologie van die volksmenigte.

Die massa is meer intuïtief, word sterker gedryf deur natuurlike instinkte, is meer onseker van homself, meer veranderlik as die enkeling.¹⁾

Ook vir die huisgesin, vir die klas, vir die skool en vir die hele opvoedingsbeweging is die massapsigologie van waarde.

(g) Opmerking:

Die belangrikste wat tot die pedagogiese psigologie gereken kan word, is hiermee behandel. Samevattend sou ons kan sê dat daartoe behoort die psigologie van: die opvoeding, die opvoeder, die opvoedingsproses, die opvoedingsgoedere en die opvoedingsgemeenskappe en milieu's.

8. Eksperimentele Pedagogiek.

Tot dusver is aandag geskenk aan suiwer teoretiese psigologie en dus nie aan pedagogiek nie. Die pedagogiese psigologie is pedagogiek slegs in soverre dit pedagogies georiënteer is: dit is die positiewe wetenskap van die psigiese

1. Bavinck: Inleiding in de Zielkunde, 299 - 302.

verskynsels in hulle betrekking tot pedagogiese probleme.

(a) Praktiese en Teoretiese Pedagogiek.

As ons bloot op die naam afgaan, het ons in werklikheid hier met pedagogiek en nie met psigologie te doen nie; dus met 'n praktiese en nie met 'n teoretiese wetenskap nie. Waar die teoretiese wetenskap die menslike kennis vergroot, sonder om regstreeks gebruik in die oog te hou, daar maak die praktiese wetenskap die teoretiese kennis vrugbaar vir die praktyk van die lewe. Die psigologie vra wat daar is en watter kennis daarin steek; die pedagogiek vra wat daar gedoen moet word en hoe die opvoedingsdoel op die maklikste manier bereik kan word.

(b) Die Eksperiment.

Letterlik sou ons dus te doen hê met 'n pedagogiek wat deur proewe en eksperimente ¹⁾ 'n antwoord probeer vind op die vraag wat ons in elke geval te doen staan en hoe ons te werk moet gaan. Lay, wat homself die vader van die eksperiment noem, het as eis gestel dat proewe soveel moontlik die karakter van 'n gewone les moet hê. Hy wys ook op die groot sukses waar werk wat gewoonlik vier jaar neem, in een jaar afgehandel kan word. ²⁾ Dit moet 'n stuk klaswerk wees waarby kontrole kan plaasvind en vergelykings getref kan word. Nie in 'n laboratorium met allerlei instrumente nie, maar op skool sonder apparaat word die proewe gemaak.

Hierdie beskouing is egter eensydig, want net soos die eksperimentele psigologie word hier ook van ander metodes gebruik gemaak soos obserwasie, statistieke en andere; daarom is dit ook in werklikheid 'n onderdeel van die empiriese pedagogiek. Die pedagogiese probleme word langs deduktiewe weg

1. Dashiell: Psychological Monographs, 20.

2. Lay: The Child's Unconscious Mind, 233.

opgelos deur versameling, analisering en klassifisering van praktykgevalle.

1)
Meumann gee in sy „Vorlesungen Zur Einführung in Experimentelle Pädagogik" die volgende afbakening: kinderkunde, arbeid van die skoolkind, psigologie van die skoolvakke en die psigologie van die onderwyser en sy werksaamhede. As ons noukeurig hierop let, dan moes Meumann se boek eintlik pedagogiese psigologie geheet het.

Die benaming eksperimentele pedagogiek is te eng en is ongewens.

(c) Geskiedenis.

Die eksperimentele pedagogiek het teen die einde van die 19de eeu op Duitse bodem ontstaan ²⁾. Ernst Meumann en W.A. Lay is die grondleggers en vernaamste verteenwoordigers; eersgenoemde was professor in Hamburg en laasgenoemde dosent aan die kweekskool vir onderwysers in Karlsruhe. Oorspronklik werk hulle saam, maar na onenigheid het elkeen sy eie weg gegaan.

Intussen hou die Russiese psigiater en kinderpsigoloog Sikorsky hom besig met die ondersoek na vermoeidheid van skoolkinders. Hy let veral op hoe leerlinge in namiddae meer foute met die spel van woorde maak, as in voormiddae. Burgerstein van Weenen doen dergelike proewe met rekenkunde. Tussen 1890 en 1900 gaan Lay voort met sy toetse en bewys dat sy eksperimentele didaksie-ondersoekinge lig werp op die stryd van die menigte oor die beste metodes by bepaalde vakke. ³⁾

Alfred Binet, die bekende Franse psigoloog en

-
1. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 74 - 83.
 2. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 4 - 5.
 3. Banks: Conduct and Ability, 124.

pedoloog, publiseer in 1896 'n ondersoek oor die waarneming en weergawe van kinders. Hy onderskei vier aanskouingstipes: ¹⁾ beskrywende, opmerkende, gevoëls- en geleerde tipe.

Saam met die medikus Simon is hy ook die groot voorganger op die gebied van intelligensiemeting. 'n Massa ondersoekers oor die hele wêreld eksperimenteer en kom voor 'n dag met bevindinge. Ons noem slegs: Decroly van Brussels, W. Stern in Duitsland, Terman in Kalifornië, J.C. Coetzee en Wilcocks in Suid-Afrika.

Ondersoekinge word nou ingestel na die oorlaaiing van die skoolprogram, metodes by van buite-leer, liggaamlike en verstandelike ontwikkeling, erflikheid en die leerproses.

Ernst Meumann skryf sy „Vorlesungen Zur Einführung in die experimentelle Pädagogik und ihre psychologischen Grundlagen" in 1907, 'n lywige werk in drie dele wat bykans 2400 bladsye beslaan en wat vandag nog 'n ryk myn vir kinder-²⁾ kennis en kinderbehandeling is.

Die eksperimentele pedagogiek is en bly egter 'n ³⁾ onderdeel van die empiriese opvoedkunde.

Bavinck dek by sy behandeling nie die hele terrein nie maar verwys tog na die verskillende onderdele.

9. Samevatting.

(i) Deur die diensbaarstelling van die teoretiese bevindinge op psigologiese gebied ontstaan die toegepaste psigologie: die teoretiese wetenskap het nou toegepaste wetenskap geword.

(ii) Die toegepaste psigologie wat die mens se sielelewe

1. Valentine: Experimental Psychology, 141 - 156.

2. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 76.

3. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde,
4.

in 'n bepaalde rigting wil stuur, word psigotegniek genoem. Die kultuurpsigologie het meer te doen met verklarings, terwyl die psigognostiek wetenskaplike mensekennis is.

(iii) By die bepaling van beroepskeuse het die toegepaste psigologie ook sy groot waarde getoon deur die samestelling van persoonslyste oor leerlinge en deur toetse wat bepaal vir welke beroepe die leerling die beste aangelê is.

(iv) Vir die opvoeding is die pedagogiese psigologie van die allergrootste belang en veral by die studie van kindersielkunde, psigologie van die opvoeder, psigologie van die opvoedingsakt, psigologie van die vormingsgoedere en massapsigologie.

(v) Die eksperimentele pedagogiek is 'n onderdeel van die empiriese opvoedkunde.

(vi) Bavinck behandel net gedeeltes van die toegepaste psigologie maar hy verwys na die ander dele. Daarom was dit vir ons nodig om ook die terreine waarna hy net verwys, kortlik te oorsien.